

CHIPS

VOL 36 NO 1 • JANUARY / FEBRUARY 2022

A close-up photograph of several green potato leaves with prominent veins, set against a blurred background of more foliage.

OOS-VRYSTAATSE STANDPROEF
ONDER AANVULLENDE
BESPROEIING IN REITZ

THE POTATO LEAF MINER:
ORIGIN OF THE FIRST FLY
INFESTATIONS OF THE SEASON

Tegnologiese ontwikkeling: | Effect of fungicide application | Engagement with New Era
Gebruik van QR-kodes | on potato cultivars at Cedara | farmers in Limpopo

Kernmateriaal van oop kommersiële kultivars

Deur dr Fienie Niederwieser, Aartappels Suid-Afrika (Foto's: P Brink, Yara)

Tot so onlangs as 20 jaar gelede, was die oorgrote meerderheid (sowat 70%) van aartappels wat op die varsprodukemarkte verkoop is, afkomstig van kultivars waarvoor planttellersregte nie geregistreer was nie – die sogenaamde ‘oop’ kultivars.

Drie kultivars, naamlik BP1, Vanderplank en Up-to-date, het vir jare die mark oorheers. Enige persoon kon die oop kultivars vermeerder sonder dat die oorspronklike telers enige inkomste daaruit verdien het. Dit was nie ’n probleem nie, omdat daardie kultivars oor die algemeen deur staatsondersteunde teelprogramme ontwikkel is.

Verandering is onafwendbaar
Soos wat in die meeste ander lande gebeur het, is die mark later oorheers deur kultivars waarvoor planttellersregte uitgeneem is en wat deur kommersiële teelprogramme ontwikkel is – die sogenaamde beskermde kultivars. Daar was dus maatskappye wat gesorg het dat siektevrye en tipe-echte kernmateriaal van die beskermde kultivars in stand gehou word.

Die Landbounavorsingsraad (LNR) het verantwoordelikheid geneem om in vitro-kernmateriaal van die ou oop kultivars in stand te hou en aan kommersiële laboratoriums beskikbaar te stel met die oog op massavermeerdering deur weefselkultuur.

Befondsing deur die navorsingsprogram is oor baie jare deur Aartappels Suid-Afrika (ASA) bewillig om instandhouding te ondersteun. Produsente wat verkies om van die ou oop kultivars te produseer, het dus toegang tot tipe-echte en siektevrye kernmateriaal gehad.

Aanpassing by veranderinge

Aangesien die aanplant van die ou oop kultivars oor jare drasties afgeneem het, het die Navorsingskomitee in 2017 voorgestel dat die befondsing teen Junie 2022 gestaak word. Die besluit is vervolgens deur die Nasionale Raad goedgekeur en die inligting is tydens streekmoerekomitee- en gebiedsbestuursvergaderings bekendgemaak met die doel om produsente aan te moedig om seker te maak hul moerverskaffers het toegang tot kernmateriaal van die oop kultivars.

Die jongste stand van sake

Die Independent Certification Council for Seed Potatoes (ICCSP) oftewel Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappels (OSRA) het, voordat die befondsing aan die LNR gestaak is, besluit om nie die goedkeuring vir die LNR-In Vitro Genebank as vestigings-, instandhoudings- en vermeerderingsfasiliteit, te hervu nie.

Dit beteken dat die kernmateriaal wat tans in die LNR-In Vitro Genebank is, nie goedgekeur is vir vermeerdering vir



sertifiseringsdoeleindes nie. Dit geld vir die ou oop kultivars waarvoor befondsing beskikbaar gestel is (Herta, VanderPlank, BP1, Up-to-date) asook ander kultivars in die LNR se genebank, insluitend kultivars wat deur die LNR geteel is (soos Mnandi, Sandvelder, Caren, Höevelder, en dies meer). ☐

Indien 'n kweker belangstel om kernmateriaal van oop kultivars te bekom, kan die LNR-VIMP by Roodeplaat gekontak word. Die beskikbaarstelling van die kultivars sal as 'n privaat saketransaksie tussen die LNR en die betrokke persoon beskou word. Kontak dr Sonja Venter by 082 566 3872 of epos SVenter@arc.agric.za indien u hierin belangstel.

Laboratoriums wat deur OSRA goedgekeur is as vestigingslaboratoriums, kan gekontak word vir kernmateriaal van die oop kommersiële kultivars vir doeleindes van vermeerdering vir sertifisering.